# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 12

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 1**

**SEPTEMBER 2014**

PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30 PUNTE) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10 PUNTE) |
| AFDELING C: TAAL | (40 PUNTE) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek ’n lyn na elke Afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.

8. Voorgestelde tye:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 30 minute

   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 - INTERNETARTIKEL**

- Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**Waar kom die Statebonspele vandaan?**

1. **Agtergrond**
2. Die Statebondspele het bekend getsaan het as die Britse Ryk Spele van 1930 tot 1950, die Britse Ryk en Statebondspele van 1954 tot 1966 en die Britse Statebondspele van 1970 tot 1974. Dis 'n internasionale, multi-sport gebeurtenis waaraan atlete van die Statebond van Nasies deelneem.
3. Die eerste weergawe van die byeenkoms was die 1930 Britse Ryk Spele waaraan 11 lande deelgeneem het.
4. Die vierjaarlikse skedule van die spele is deur die Tweede Wêreldoorlog onderbreek en die 1942 Spele (wat in Montreal gehou sou word) en die 1946 Spele was gekanseleer. Die spele is in 1950 weer begin en het vier jaar later 'n naamverandering ondergaan met die eerste Britse Ryk en Statebondspele in 1954.
5. Meer as 1000 atlete het deelgeneem aan die 1958 Spele omdat meer as dertig spanne vir die eerste keer deelgeneem het.
6. Díe spele is die vierde grootste multi-sport gebeurtenis in die wêreld, na die Olimpiese Spele (díe grootste), die Asiatiese Spele ( $2^{de}$ grootste) en die Maccabiah Spele ($3^{rde}$ grootste).
7. Die Statebondspele is onder toesig van die Statebondspelefederasie (SSF), wat ook die sportprogram beheer en die gasheerstede kies. ‘n Gasheerstad word gekies vir elke spele en 18 stede in sewe lande het die geleentheid al aangebied.
8. Afgesien van baie olimpiese items sluit die spele ook 'n paar sportsoorte in wat net gespeel word in die statebondlande soos rolbal en netbal. Die items vorm nie deel van die Olimpiese Spele se program nie.
9. Alhoewel daar net 53 lede van die statebond is, neem 71 lande deel aan die Statebondspele; 'n hele paar onafhanklike lande neem deel onder hul eie vlag.
10. Die vier lande van die Verenigde Koninkryk, Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland, stuur ook elk afsonderlike spanne.
11. Slegs ses lande het elke Statebondspele bygewoon; Australië, Kanada, Engeland, Nieu-Seeland, Skotland, en Wallis.
12. Australië is die toppresterende land van twaalf spele, Engeland van ses en Kanada van twee.

13. **Geskiedenis van die Spele**.
14. Die idee om die lede van die Britse Ryk saam te bring vir ‘n kompetisie was die eerste keer in1891 deur die John Astley Cooper voorgestel toe hy 'n artikel geskryf het in *The Times* wat dui op 'n “Britse-Pan-Anglikaanse Kompetisie en Fees” wat elke vier jaar gehou kan word as 'n middel van toenemende welwillendheid en vir die bevordering van goeie verhoudinge van die lande van die Britse Ryk.

15. In 1911, was die Fees van die Ryk by die *Crystal Palace* in Londen gehou om die kroning van koning George die vyfde te vier. As deel van die fees, is 'n Inter-Ryk Kampioenskappe gehou waar spanne van Australië, Kanada, Suid-Afrika, en die Verenigde Koninkryk deelgeneem het aan items soos boks, stoei, swem, en atletiek.
16. In 1928, was Melville Marks Robinson van Kanada die eerste om die Britse Ryk Spele te organiseer; dit is in 1930 gehou in Hamilton, Ontario en vroue kon toe net deelneem aan swemitems. Van 1934 kon vrouens ook deelgeneem het aan 'n atletiek.
17. Die eerste Statebond Paraplegiese Spele is saam met die Statebondspele van 1962 tot 1974 gehou. Atlete met 'n gestremdheid is toe eers in tentoonstellingsitems by die Statebondspele in 1994 ingesluit en by die 2002 Statebondspele was hulle ingesluit as volledige lede van hul nasionale spanne, wat dit die eerste ten volle inklusiewe internasionale multi-sport spele gemaak het. Dit het beteken dat hulle uitslae ingesluit was in die medaljetelling van hulle onderskeie lande.
18. Die Britse Ryk Spele vlag is in 1931 geskenk deur die Britse Ryk Spele Vereniging van Kanada. Die jaar en plek van daaropvolgende spele is bygevoeg tot en met die 1950 Spele. Die naam van die spele is toe verander na die Britse Ryk en Statebondspele en as gevolg daarvan is daar weggedoen met die vlag.
19. Nigerië was die eerste land wat die Statebondspele in 1978 geboikot het uit protes teen Nieu-Seeland se sportkontak met Suid-Afrika. Deelname aan die 1986 Spele was geraak deur 'n boikot van 32 Afrika en Karibiese lande in protes teen die britse premier Margaret Thatcher wat geweier het om sportkontakte met Suid-Afrika te breek as gevolg van apartheid.
20. Daarna het die spele net meer en meer gegroei.

*Verwerk en vertaal van: wikipedia.org/wiki/Commonwealth_Games*

1.1. Wat is die afkorting vir die Statebondspele Federasie? (1)

1.2. As wat het die Satebondspele in 1947 bekend gestaan? (1)

1.3. In watter jaar was die Satebondspele vir die eerste keer gehou? (1)

1.4. Hoeveel lande het aan die eerste Statebondspele deelgeneem? (1)

1.5. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer:
Die Statebondspele was in 1942 en 1946 nie gehou nie omdat (dit geboikot was / daar oorlog was). (1)

1.6. Is dit waar of onwaar dat die Statebondspele van 1950 bekend gestaan het as die Britse Ryk en Statebondspele? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.7. Hoekom was daar so baie atlete wat aan die 1958 spele deelgeneem het? (1)

1.8. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer:
Die spele wat in Asië gehou word is die (tweede/derde) grootste multi-sport gebeurtenis in die wêreld. (1)

1.9. Wie kies die gasheerland van die Statebondspele? (1)

1.10. Hoeveel lande het al die Statebondspele aangebied? (1)

1.11. Noem EEN sportsoort, wat in die leesstuk genoem word, waarin daar NIE by die Olimpiese spele meegeding word nie. (1)

1.12. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer: (Sestien/Agtien) lande neem onafhanklik deel aan die Statebondspele. (1)

1.13. Is dit waar of onwaar dat die hele Ierland deel is van die Verenigde Koninkryk? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.14. Hoeveel lande het, sedert die begin daarvan, nog aan elke Statebondspele deelgeneem? (1)

1.15. Wie se idee was dit in1891om die lede van die Britse Ryk byeen te bring vir ‘n kompetisie? (1)

1.16. Skryf EEN rede hoekom hy gedink het die kompetisie is ‘n goeie idee? (1)

1.17. Watter ander noemenswaardige geleentheid het 1911plaasgevind behalwe die Inter-Ryk Kampioenskappe wat gehou was? (1)

1.18. Wat was die enigste item waaraan dames kon deelneem in die 1928 spele? (1)

1.19. Van watter jaar af kon dames ook aan atletiek deelneem? (1)

1.20. Wat het dit voordelig gemaak vir die kompeterende lande toe gestremde atlete in 2002 ingesluit was as volledige lede van hul nasionale spanne by die Statebondspele? (1)

1.21. Wat het in 1950 gebeur met die vlag wat tot op datum gebruik was? (1)

1.22. Hoekom het Nigerië die Statebondspele in 1978 geboikot? Gee TWEE feite. (2)

1.23. Hoekom het 32 lande die Statebondspele in 1986 geboikot? Gee TWEE feite. (2)

1.24. Hoekom dink jy is dit belangrik dat kompetisies soos die Statebondspele plaasvind? (1)

**[26]**

**EN**

## AFDELING A – KYK- en LEESBEGRIP

Bestudeer die volgende diagram versigtig deur en beantwoord die vrae.

| Jaar | Gasheerland | Begin Datum | Datum Geëindig | Sportsoorte | Items | Lande | Aantal Deelnemers | Topgeplaasde Land |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1954 | Kanada | 30 Julie | 7 Augustus | 9 | 91 | 24 | 662 | Engeland |
| 1958 | Wallis | 18 Julie | 26 Julie | 9 | 94 | 36 | 1122 | Engeland |
| 1962 | Australië | 22 November | 1 Desember | 9 | 104 | 35 | 863 | Australië |
| 1966 | Jamaica | 4 Augustus | 13 Augustus | 9 | 110 | 34 | 1050 | Engeland |
| 1970 | Skotland | 16 Julie | 25 Julie | 9 | 121 | 42 | 1383 | Australië |
| 1974 | Nieu Seeland | 24 Januarie | 2 Februarie | 9 | 121 | 38 | 1276 | Australië |
| 1978 | Kanada | 3 Augustus | 12 Augustus | 10 | 128 | 46 | 1474 | Kanada |
| 1982 | Australië | 30 September | 9 Oktober | 10 | 142 | 46 | 1583 | Australië |
| 1986 | Skotland | 24 Julie | 2 Augustus | 10 | 163 | 26 | 1662 | Engeland |
| 1990 | Nieu Seeland | 24 Januarie | 3 Februarie | 10 | 204 | 55 | 2073 | Australië |
| 1994 | Kanada | 18 Augustus | 28 Augustus | 10 | 217 | 63 | 2557 | Australië |
| 1998 | Maleisië | 11 September | 21 September | 15 | 213 | 70 | 3633 | Australië |
| 2002 | Engeland | 25 Julie | 4 Augustus | 18 | 281 | 72 | 3679 | Australië |
| 2006 | Australië | 15 Maart | 26 Maart | 16 | 245 | 71 | 4049 | Australië |
| 2010 | Indië | 3 Oktober | 14 Oktober | 17 | 272 | 71 | 6081 | Australië |
| 2014 | Skotland | 23 Julie | 3 Augustus | 17 | 261 | 71 | 4947 | |
| 2018 | Australië | 4 April | 15 April | | | | | |
| 2022 | Kanada of Suid-Afrika | - | - | | | | | |

1.25. In watter jaar was die spele die laatste in die jaar gehou? (1)

1.26. In watter jaar was die meeste spotsoorte aangebied in die Statebodspele? (1)

1.27. Hoekom is daar nie totale vir die sportsoorte, items, ens. in die betrokke kolomme vir 2014 nie? (1)

1.28. Wat se voordele sal die aanbieding van die 2022 Statebondspele vir Suid-Afrika inhou? (1)
**[4]**

**AFDELING A TOTAAL – 30**

**EN**

**AFDELING B – OPSOMMING**

**VRAAG 2.**

INSTRUKSIES

- Hier is wenke oor hoe om ‘n suksesvolle atleet te wees.
- Soms die SEWE feite oor wat jy kan doen om ‘n suksesvolle atleet te wees puntgewys op.
- Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.

**<u>Wenke oor hoe om 'n suksesvolle atleet te wees</u>**

Vir ‘n Olimpiese-vlak prestasie en baie energie, moet jy behoorlik eet en dit sluit die eet van 'n koolhidraat- en proteïenbelaaide ontbyt in.

Hoëvlak atlete wat hard oefen benodig 8 tot 10 ure se slaap. Fokus op ‘n goeie gehalte slaap deur bed toe te gaan voor 11:00. Slaap ook in ‘n omgewing wat so donker as moontlik is.

Jy moet behoorlik opwarm voor jy oefen en afkoel nadat jy geoefen het. Spandeer 10 to 15 minute aan ‘n dinamiese opwarmingssessie. Na jou oefensessie kan jy afkoel deur rek en strek oefeninge te doen om pyn en beserings te verminder.

Berei jouself sielkundig voor vir wedstryde of sportbyeenkomste. Sommige maniere om dit te doen is deur te oefen en deur inspirerende boeke en aanhalings te lees.

Alle suksesvolle atlete het afrigters. Atlete wat beduidende veranderinge wil maak en wat hulp nodig het met hulle oefenprogram benodig 'n gesertifiseerde professionele persoon om dit te kan doen. Huur dus 'n afrigter.

Oefen vroeg in die oggend. Suksesvolle atlete doen dit. Jy kan ook. Daar is baie minder afleidings vroeg in die oggend wat jou sal verhoed om ‘n susesvolle oefensessie te hê en jy sal die hele dag goed voel.

Olimpiese atlete is bekend daarvoor om vir jare saam te oefen voor hulle op die groot dag teen mekaar kompeteer. Aanspreeklikheid vorm 'n groot deel van ‘n suksesvolle atleet se lewe en wanneer jy saam met 'n vriend oefen is jy meer toegewyd. Oefen dus saam met 'n vriend.

*Verwerk en vertaal van http://www.com/training/pro-tips/fitness-secrets-of-olympic-athletes*

**AFDELING B TOTAAL : 10**

**EN**

**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 – WOORD- en SINSTRUKTURE en KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

Die taalvrae wat volg, is op die volgende advertensie gebaseer.

1. Maak skoolprojekte jou elke jaar gespanne?
2. Dan is Huisgenoot se Skooltake 2014 net die tydskrif vir jou.
3. Dis gepak met feite, foto's, illustrasies en fantastiese infografika – 'n weergalose naslaangids vir die laerskoolkind in jou lewe.
4. Dit bevat alles wat 'n snuiter wat nuuskierig is nodig het en sluit fassinerende onderwerpe in soos wonders wat oud en nuut is van die wereld, die menslike liggaam, die geskiedenis van geld en die skryfkuns, virusse en bakterieë en bekende diersoorte.
5. ***Net: R20-00***




3.1. Skryf die vetgedrukte, onderstreepte getal as 'n woord. (1)
Dit kos net R **<u>20</u>**.

3.2. Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Dit sluit fassinerende onderwerpe in soos wonders wat **<u>oud</u>** en nuut is.

3.3. Skryf die volgende vraagsin as 'n stelsin. (1)
Maak skoolprojekte jou elke jaar gespanne?

3.4. Skryf die meervoud vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
'n Naslaangids vir die **<u>laerskoolkind</u>** in jou lewe.

3.5. Skryf die afkorting van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Die **<u>geskiedenis</u>** van geld.

3.6. Herskryf die sin met die voegwoord in hakies. (1)
Dit bevat onderwerpe oor die menslike liggaam. Dit bevat onderwerpe oor virruse. (en)

3.7. Verbeter die spelfout van die woord "wereld" in paragraaf 4. (1)

3.8. Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Dit bevat alles wat ’n **<u>nuuskierig</u>** snuiter nodig het.

3.9. Gee die oortreffende trap van die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Dit sluit **<u>fassinerende</u>** onderwerpe in.

3.10. Skryf die verkleiningsvorm vir die vetgedrukte, onderstreepte woord (1)
Huisgenoot is net die **<u>tydskrif</u>** vir jou.

3.11. Beantwoord die vraag hieronder in die negatief / ontkennende vorm. (1)
Is dit ’n weergalose naslaangids vir die laerskoolkind in jou lewe?

3.12. Gee ‘n antoniem vir die vetgedrukte, onderstreepte woord. (1)
Dit sluit fassinerende onderwerpe in soos **<u>bekende</u>** diersoorte.

**VRAAG 4 – WOORD- en SINSTRUKTURE en KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

| Meneer Smith | Neelsie Meneer Smith | Neelsie |
|---|---|---|
| Raampie 1 | Raampie 2 | Raampie 3 |




4.1. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede. (2)
Meneer Smith sê: “Hierdie is ‘n afgesaagde grappie.”

4.2. Herskryf die sin en begin die sin met die woord in hakies. (1)
Meneer Smith roep vir Neelsie. (Môre)

4.3. Kies die korrekte antwoord oor die woord in raampie 3. (1)
Die woord in raampie 3 is ‘n (afleiding/samestelling/samestellende afleiding).

4.4. Skryf die volgende sin in die passiewe / lydende vorm. (1)
Neelsie het ‘n klip geteken.


4.5. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (1)
Dis ‘n afgesaagde grappie.

4.6. Herskryf die volgende sin in die indirekte rede. (2)
Meneer Smith vra: "Hoekom het jy die klip geteken, Neelsie?"
Begin so: Meneer Smith vra vir Neelsie…

4.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter neer:
Die geïmpliseerde betekenis van die strokiesprent is, Neelsie is …
a. hardwerkend.
b. kwaad.
c. fluks.
d. lui. (1)

**VRAAG 5 – WOORD- en SINSTRUKTURE en KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

**TV-gids Sondag 27 Julie 2014**



1. **Dit is vanaand op die kassie:**
2. **17:00 Modern Family (M-Net):** Jay, Gloria en Manny daag mekaar uit om 'n bietjie uit hul gemaksone te kom. Mitch en Cam verkoop van hul besittings omdat hul troue ál duurder raak.
3. **17:30 Idols (M-Net):** Kyk hoe die beoordelaars, Gareth, Unathi en Randall, **Suid-Afrika** se volgende Idol soek.
4. **18:00 Glam Guru (kykNET):** In die opwindende nuwe Glam Guru-reeks gaan kykers snak hul asem oor Hannon Bothma en sy span wat voorkomswonderwerke verrig.
5. **18:30 DEKATv (kykNET):** Die DEKATv-span kuier by Ollie Viljoen wat kitare en snare so tokkel dat jou tone omkrul. Aleit is omring deur rose en tulpe. Gerhard bespreek 'n aantreklike variëteit.
6. **19:00 Carte Blanche (M-Net):** Die Carte Blanche-span ondersoek en onthul weer noodsaaklike kwessies wat die wêreld en Suid-Afrika in die gesig staar.
7. **19:30 Common Law (SABC3):** Twee polisiebeamptes wat mekaar nie kan verdra nie, word deur hul baas na 'n huweliksterapeut gestuur om hul verskille uit te werk.
8. **19:30 Jam (kykNET):** Bring jou gunsteling-instrument en jam saam. Die Jam-span sal jou al die musiekmedisyne gee wat nodig is om vir jou krag te gee vir die nuwe week.
9. **21:30 Pandjiewinkelstories (kykNET):** Toffie se vrou haat rugby en toe Toffie in 'n kroeggeveg oor rugby seerkry, probeer sy hom van rugby speen. Gaan sy dit regkry?

*Deur Janine Nel op 27 Julie, 2014 in Huisgenoot Digitaal*

5.1.1. Identifiseer die hoofsin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)
Mitch en Cam verkoop van hul besittings omdat hul troue ál duurder raak.

5.1.2. Identifiseer die bysin in die volgende saamgestelde sin en skryf dit neer. (1)
Die Carte Blanche-span ondersoek kwessies wat Suid-Afrika in die gesig staar.

**weer**[1], **s.nw. 1.** *Gesteldheid van die lug wat vogtigheid, temperatuur, wind, ens. betref: Dis snaakse weer wat ons deesdae kry.* **2.** (were). Donder, groot reën: *Ons mooiste were kom in Maart en April* (F. A. Venter). **3.** Bliksem: *Die slaan gevaarlik vanmiddag. Deur die weer getref* UITDR. : *Vir wind en waar laat opgroei,* nie behoorlik opvoed nie. Vgl. *MOOIWEER. weer: .. diens, .. kennis.*

**weer**[2], **bw. 1.** Terug: *Heen en weer. Beledigings oor en weer slinger.* **2.** Opnuut, nog 'n keer: *Doen dit weer.* **3.** Ter vae aanduiding van 'n tydsbegrip of iets dergeliks, maar sonder duidelike betekenis: *Hoe is die naam nou weer? -* gevra as die naam vergeet is.

**weer**[3]**, I. ww.** (geweer). **1.** Belet, verhoed dat iets gebeur; keer, teëhou, afwend: *Swak immigrante moet geweer word. Weer die ramp van ons.* **2.** *(refleks.)* **a.** Verdedig: *Hy het hom goed geweer in die debat.* **b.** Jou inspan, jou bes doen: *Jy moet jou weer!* **II. s.nw.** *(w.g.)* Verdediging: *Jou te weer stel.* UITDR. : *In die weer wees,* besig wees.

*Uit: HAT, Bladsy 1348*

5.1.3. Kies die korrekte antwoord: Volgens die uittreksel uit die HAT word "weer" in paragraaf 6 gebruik as 'n (werkwoord/selfstandige naamwoord/bywoord). (1)

5.1.4. Skryf die woord "weer" as selfstandige naamwoord se meervoudsvorm. (1)

5.1.5. Skryf die woord "weer" as werkwoord se verledetydsvorm. (1)

5.1.6. Identifiseer die byvoeglike bepaling in die volgende sin: (1)
In die opwindende nuwe Glam Guru-reeks gaan kykers snak hul asem oor Hannon Bothma en sy span wat voorkomswonderwerke verrig.

5.1.7. Identifiseer die bywoordelike bepaling in die volgende sin: (1)
Die DEKATv-span kuier by Ollie Viljoen wat kitare en snare so tokkel dat jou tone omkrul.

5.1.8. Skryf die afkorting vandie vetgedrukte, onderstreepte woord paragraaf 3. (1)

5.1.9. Kies die korrekte antwoord: Die woorde "dier" en "duur" word (homofone/homonieme) genoem omdat dit dieselfde klink. (1)

5.1.10. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)
Gaan sy dit regkry?

5.1.11. Identifiseer die tipe sin wat hier onder geskryf is: (1)
Die Jam-span sal jou krag gee vir die nuwe week.

5.1.12. Wat is jou opinie oor realiteitsprogramme soos "Idols"?
Begin jou antwoord so: "Ek hou van / hou nie van realiteitsprogramme / nie omdat (1)

5.1.13. Kies die korrekte antwoord: 'n Program soos "DEKATv" handel meestal oor (aktuele/finansiële) sake. (1)

5.1.14. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en letter neer.

Glam Guru is ‘n voorbeeld van ‘n program met vooroordeel omdat dit impliseer dat …

a. ‘n goeie persoonlikheid nie regtig tel nie, solank jy goed lyk.
b. dit nie saak maak of jy ‘n goeie persoonlikheid het of goed lyk nie.
c. dit beter is om ‘n goeie persoonlikheid te hê en dit dus nie saak maak hoe goed jy lyk nie.
d. dit nie goed is om ‘n goeie persoonlikheid te hê nie en dit dus nie saak maak hoe goed jy lyk nie. (1)




5.2.1. Wat is die boodskap wat die ontwerper van die sporprent wil oorbring? (1)

5.2.2. Hoe word die boodskap oorgedra? Noem EEN ding wat die ontwerper gebruik het. (1)

5.2.3. Kies die korrekte antwoord: Die aanames van die spotprent is snoepies verkoop (gesonde/ongesonde) kos. (1)

5.2.4. Kies die korrekte antwoord: Die impak wat die ontwerper van díe spotprent wil hê is dat ouers (sal ingryp oor die ongesonde kos wat by snoepies verkoop word/hulle kinders uit skole sal haal waar hulle ongesonde kos verkoop word). (1)

5.2.5. Kies die korrekte antwoord: Die gevoel wat die ontwerper van die spotprent wil uitlok is díe van (skok/simpatie). (1)

**AFDELING C TOTAAL : 40**
**GROOTTOTAAL : 80**